

Saterdag 20 Oktober

Skrif- en Fokusgedeelte:

Efesiërs 5:1-5

Die nuwe lewe is 'n lewe in liefde

Ons is nuwe mense wie se denke bepaal hoe ons optree. Ons het met die sondige lewe gebreek en leef nou die nuwe lewe in Christus. God stel 'n voorbeeld aan sy geliefde kin-ders, en deur ons vriendelike, hartlike, vergewende en liefdevolle omgang met mekaar is ons navolgers van God. God het ons innig lief en ons behoort Hom na te volg deur Hom, mekaar en alle mense lief te hê. Ons nuwe lewe is op God gerig en ons lewe deur sy genade.

Ons moet in liefde lewe, dus moet ons nuwe lewe afspeel in die atmosfeer en kragveld van die liefde. Christus se liefde tot die uiterste is ons motivering en sy liefdesoffer aan die kruis lei ons om ons vir ander op te offer. Liefde is die weggee, opoffer van jouself vir ander, 'n offer wat vir God aanneemlik is. Die lewe in liefde kan bedreig en verdring word deur verkeerde invloede, byvoorbeeld deur sogenaamde liefde in ongeoorloofde seks te verkry.

Die nuwe lewe sal verstik en versmoor waar ontug en onsedelikheid en selfbevrediging indring. Seksuele losbandigheid kan beteken dat so 'n persoon 'n ander se liggaam wil misbruik ter wille van gierige drange. Vuil praatjies oor seks pas nie in die atmosfeer van liefde nie, want 'n lewe in die kragveld van die liefde word deur ontug en vuil praatjies be-skadig. Vir die een wat in hierdie sonde geval het, berou daarvoor het en lewensverande-ring bewys, is daar genade, maar die een wat hierin volhard, het nie deel aan die Ko-ninkryk van God nie.

Sing: Skrifberyming 2-4:1

Prof. BJ (Ben) de Klerk (Emeritus)